Jaargang 12 Nuusbrief 27 20 Oktober 2011

FlorrieFokus

Posbus 500, Florida Hills 1716
E-pos: florries@iafrica.com
Webwerf: www.florries.co.za

Tel: 011 672 5345 / 6
Faks: 011 672 5246
H/v Louis Botha en Havingastraat

PnA Colour your World...
WIMPY ENJOY EVERY MOMENT
ACTION
UNIVERSITY OF JOHANNESBURG
Accountancy@UJ

Geagte Ouers / Voogde en Florries

Die ingesteldheid en gesindheid van die leerders van vandag, is volgens my nie altyd na wense nie. Terwyl die geleenthede onbeperk is, is talle glad nie gemotiveer om te werk nie. Sou dit deel wees van 'n algemene gevoel van negatiwiteit? Is die inspirering vanuit die ouerhuis gebrekkig, of het ons 'n geslag grootgemaak wat eenvoudig verwag dat alles net sonder moeite en inspanning moet gebeur? Sukses word nie bereik deur 'n kortpad nie. Harde werk bly die fondament van sukses.

HERREGISTRASIE VAN LEERDERS

Die dokumente met die oog op herregistrasie is reeds in u besit. Reageer tog betyds sodat die beplanning vir 2012 kan geskied. Veral diegene wat uitstaande reëlings met die finansiële kantoor het, moet dit so spoedig moontlik in plek kry.

GELUKWENSE

Die afgelope tyd is gekenmerk deur talle bekroningsfunksies. Baie geluk aan elke Florrie wat tydens hierdie geleenthede vereer is. Daarmee saam ook geluk aan elke ouer, sowel as die onderskeie afrigters.

Ons het ook kennis geneem van die volgende individuele prestasies:

- Dewald Krynauw (gr. 9) het onlangs aan die Gauteng-proewe vir Artistiese Gimnastiek deelgeneem. Hy is Tyro 3 en het in die O/18-afdeling 'n tweede plek (silwer) ontvang. Het het in die Oktobervakansie aan die SA-Spele in Kaapstad deelgeneem en 'n algehele tiende plek verower. Baie geluk, Dewald!
- Charlene Peacock (gr. 9) is gekies om Sentraal Gauteng Stoeivereniging te verteenwoordig tydens die SA-gradering wat plaasvind in Oktober te Ermelo – baie geluk en baie sterkte. As sy baie goed presteer, kan sy dalk gekies word vir volgende jaar se Olimpiese Spele.

WêRELED-ONDERWYSERDAG

Elke jaar, op 5 Oktober, is dit Wêreld-Onderwysersdag. Met die oog hierop publiseer ek graag GA Watermeyer se gedig "Gietvorms", 'n spesiale gedig vir die onderwysers van ons land:

Gietvorms van ons jeug, ons vra dat julle skouers breed moet dra,
jul bou met meer as staal of steen, ons volkswees wentel om jul heen.
Aan julle is daar mag gegee bo dié wat wet of vonnis smee:
mag van die liefde, mag van vrees, mag oor die wording van die gees.
Bo die struktuur van been en bloed staan jul gestaltes in die gloed
van ewigheid, wat om die mense se innerlike wense grens;
agter bewussyn van die brein skemer die siel se teerder grein.
Wat julle wond, word nooit meer heel, wat julle sterk, staan stoer verseël
teen ruk van elke later wind om rigting teen die son te vind...
Gietvorms van ons jeug, ons vra dat julle harte deernis dra;
jul bou met meer as staal of steen, ons volkswees wentel om jul heen.

Ter afsluiting, in aansluiting by my beginparagraaf oor sukses, die volgende aanhaling wat hierby aansluit:

"Die tweeling van sukses is DINK-WERK en HARDWERK. Dié twee gaan onskeibaar saam. Moenie dink dat jy met net een van die twee suksesvol sal wees nie".

- Ernest Hemingway (1899 – 1961)

Vriendelike groete

M.S. SCHUTTE
HOOF

FLORRIES Webwerf: www.florries.co.za

Gaan kyk na die tuisblad regs onder: "Poslys". Maak seker dat jy en jou ouers hier registreer om die Florrie Fokus-inligting per e-pos te ontvang.

CSI FLORIDA

Daniël Prinsloo is Vrydag by ons in O31 gedurende eerste pouse. Jy is BAIE welkom en onthou om jou maats ook saam te bring!

WISKUNDE EKSTRA KLASSE vir graad 8

Die klasse is op Woensdae vanaf 14:10 tot 15:00 in B3. Kom doen lekker hersiening voor die eksamen oor drie weke begin!



MATRIEKSERTIFIKATE 2010

Matrieks van 2010 kan hul matrieksertifikate in die algemene kantoor kom afhaal.

SKYFSKIET SANSSU Nasionale kampioenskappe (SA'S)

Gauteng-Wes Skole Teiken Skiet (GWSTS) het weer sy stem dik gemaak en soos betaamlike Goue Leeus gebrul. Daar is in die kompetisie in 3 klasse meegeding (Veer / Sporter / Presisie). Verdere verdeling in ouderdomsgroepe is ook gedoen.

In die VEERklas O/21, het GWSTS die GOUE medalje in die spankompetisie verower. Michelle Bezuidenhout en Chris Jansen van Florida het waardevolle bydraes gelewer tot die spanmedalje, en individuele 27ste en 39ste plekke algeheel behaal uit 'n totaal van 86 deelnemers.

In die SPORTERklas was die kompetisie baie sterk. In die O/21-spankompetisie behaal GWSTS 'n 8ste plek uit 26 spanne. Ockert Graham en Anando Neethling lewer hulle bydraes met 'n 55ste en 122ste plek indivudeel uit 273 deelnemers (O/21 en O/16 gesamentlik).

Die O/16-span verower die SILWER medalje en hier maak Florries hulle stem dik. Charlto Vorster (11de plek algeheel), Charl Greyling (30ste plek algeheel) en Waldo Oosthuizen (31ste plek algeheel) was hier spanlede. Die GWSTS se spanne behaal 2de / 6de / 21ste en 23 ste plekke uit 'n totaal van 27 spanne.

In die PRESISIE-klas doen GWSTS BAIE goed. 'n GOUE medalje vir die span in die 3-posisie afdeling. Daar was vyf spanne in die kompetisie. Necia Janse v Vuuren lewer haar bydrae met 'n 18de plek algeheel.

Thembinkhosi behaal sy persoonlike bestel prestasie in hierdie laaste jaar wat hy aan skyfskiet deelneem, met 'n algehele 12 de plek. Die beste Florrieskut in die 3P-afdeling.

In die Olimpiese afdeling neem seuns aan die 600-kompetisie en meisies aan die 400-kompetisie deel. Vir Gauteng-Wes wen beide spanne GOUE medaljes in hierdie afdelings.

Necia en 'n skut uit die NOORDKAAP sorg vir BAIE drama toe hulle na die finaal presies gelykop was. Daar is toe 'n uitskietskoot geskiet en WEER presies dieselfde telling van 10.4, waarna 'n rare 2de uitskietskoot geskiet is. Die groot oomblik en meegaande spanning het egter sy tol geëis en Necia moes die knie buig. SA Skolekleure (silwer) is ook toegeken aan Charlto Vorster. Baie geluk!

MATRIEKREüNIES

Alle 1981-Matrieks - Ons gaan 'n 30-jaar Reünie hou!
Wanneer: Saterdag, 19 November 2011
Waar: Hoërskool Florida
Hoe laat: Vanaf 16:00 tot middernag
Koste: R100/persoon - Julle kan julle eie drinkgoed bring.
RSVP en vir verdere inligting: Ilze Smalberger (Freislich) ilze@sabertek.co.za / 0828247333 / Maritha Koch (Wolvaardt) marithak@vodamail.co.za / 0827891487
Laat asb almal weet met wie julle nog kontak het. Hoe meer siele, hoe meer vreugde!

Die 1964-matriekgroep beplan 'n 50-jaar reünie vir 2014. Stuur asseblief kontakbesonderhede aan Schalk van Vuuren, 044 695 2138 (T/F) / 083 628 7900 / wilmarcor@telkomsa.net.

KRIEKETUITSLAE – JOHNNY WAITE 20/20 WEDSTRYD:

Span	Telling	Beste Kolwers	Beste Boulers	Wenspan
Florida VS Marais Viljoen	155/6 in 20 beurte 105/10 in 16 beurte	Heinrich Botes 32 Viaan Pretorius 35	Heinrich Botes 4/7/3	Florries wen met 50 lopies

RESTAURANTKOMPLEKS VIR FUNKSIES

Hoërskool Florida se restaurantkompleks is oop vir besprekings: kinder-, tiener-, 21ste-, verjaarsdag- en huweliksherdenkingspartytjies. Konferensiegeriewe beskikbaar. Huweliksonthale. Enige groot of klein funksie. Ons verskaf die onthaalarea en professionele spyseniering teen baie billike tariewe. Skakel onverwyld met ***Len Ambrosius by 082 714 6676***

BELANGRIKE DATUMS: 21 OKTOBER TOT 27 OKTOBER 2011

Vr	21 Okt	Atletiek (tuis) Sevens (rugby) Monument
Sa	22 Okt	Sevens (rugby) Monument
Ma	24 Okt	Krieket O/15B Westridge (weg)
Do	27 Okt	Kooroefening

VERJAARSDAE

21 Oktober	Me. Erasmie Olivier (musiek)
24 Oktober	Mnr. Morné Hanekom
26 Oktober	Mnr. Martha van den Berg

Van harte geluk! Seënwense word u toegewens.

Gedagte vir die Week

"Geloof is nie 'n eindbestemming nie. Dit is 'n reis van genade, dag tot dag".

Ek wil nie voorgee dat ek geestelik al alles het of al geestelik by die wenpaal verby is nie. Ek span nou eers alles in my in om daardie doel te bereik, juis omdat Jesus Sy hand na my uitgesteek en my vasgegryp het.
Filippense 3:12

KILOKOR MOTORS

32 & 34 Main Rd, Newlands, Johannesburg

Koop of huur by my 'n motor en kry 'n R500 donasie vir jou skool of jou sportspan

Tel: 011 673 6770
Fax to Email: 086 530 9261
www.kilokor.co.za
Cell: 083 294 4304
Email: carel@kilokor.co.za

**48 Maande Huurkontrak*

Is jy gelys op ITC?
Kontak my
CAREL VOLSCHENK

PRO CANTARE CHOIR CONCERT – R80 per person

Performing songs from a variety of genres with full orchestral backing accompaniment

· 29 October 2011 20:00 @ Simfonie (AGS Witpoortjie), cnr Jan van Rooyen & Trezona Avenue, Witpoortjie
For reservations, contact Yvette 072 292 5539 / Christine 084 672 7272

· 12 November 2011 20:00 @ Gereformeerde Kerk Randburg, cnr 2nd & 3rd Road, Northworld
For reservations, contact Heather 072 243 6483 / Lizel 082 802 0719

Tickets can also be obtained at: Floralize Bloemiste, 21 Mimosa Street, Wilro Park - Pieter 082 958 1371 or at London Pie, Clearwater Mall - Frans 084 334 2003

Green Chameleon Toys & Party Creations

Party Hire
Toys
Beads
Function co-ordinators
Theme Parties

Ilse 079 422 6399

Hardware Paint Waterproofing Plumbing Electrical

King's Paint & Hardware

Clarence Slatter 082 712 5838
Florida Junction (011) 672 6205

K 5 3

G.P.A. Qualified

AGAPÉ

- Driver Training -

PROFESSIONAL K53 Training

Learners Licenses & Drivers Licenses

DEON 082 348 2145

BRIXTON LODGE No. 982 S.C. PRESENTS

Marang House

Rollicking Saturday Lunch

Saturday 5th November 2011 @ 4pm

Rumours Pub, Weltevreden Park

Supporting Marang House, Home for Seriously Ill Children

Come join us for an exciting afternoon of entertainment & good food on Guy Fawkes eve

With comedian **Chris Forrest**, awesome **Live Music** by **"Permanent Vacation"** and a **tasty spit braai** for lunch; helping Marang House is easy!

Tickets R150 per person, call **083 395 0778** for more info.

Deposits to: **Standard Bank**, Acc: **225 002 434**, Branch: **009 953**, Reference: Your Name

SMS proof to: **082 896 0555** and contact **083 395 0778** for your ticket

If you pay by cash or funds transfer your ticket will be SMSed to you

Easy to get to: Shop 20 Palm Court, Cornelius Street, Weltevreden Park, just off the N1

Pamper Girlz

nail & beauty salon

Matriek Afskeid

"Special"

Make up

Pedicure

Nails

Eyebrow shape

Pedicures - Manicures - Waxing - facials - Eyebrow tint

193 Ontdekkers Rd

Horizon

072 795 9787



Zander 076-299-1930
Morné 082-718-7871

CUPCAKE – JUNKIES
www.cupcake-junkies.co.za
ilse@cupcake-junkies.co.za
ILSE 079 422 6399
SANDRA 072 956 1129

Educational Psychologist
0292524

Philanda Dennyschen
084 588 8752
philandak@hotmail.com

EXPLORE PROPERTIES
Experience Excellence

Estelle Schutte
(B.Sc, NHED, CEA, CRS)
OWNER / PRINCIPAL

Cell: 082 460 6864
Hotline: 084 397 5673
Email: stelle@netactive.co.za

FLORIDA PARK – R1 695 000: Ongelooflikke huis met 3 slaapkamers, 2 badkamers, 3 ontvangs areas, studeer kamer, kombuis met opwas kamer, 2 motorhuise, 2 afdakke, bediende kwartiere met bad en buite toilet, Topaz swembad, sekuriteits hekke, alarm stelsel.	**FLORIDA – R659 000:** Simplex eenheid met 2 slaapkamers, 2 badkamers, 2 ontvangs areas, studeer kamer, 1 motorhuis, elektriese hekke.	**GEORGINIA – R698 000:** Uitstekende eiendom op hoof roete na Florida bied 3 slaapkamers met ingeboude kaste, 1 badkamer, 2 leefareas, kombuis, 1 motorhuis, sekuriteits hekke.	**DISCOVERY – R1 200 000:** Pragtige wooning met 4 slaapkame 2 badkamers, 4 leefareas, studeer kamer, oop plan kombuis, 1 motorhuise, 3 motor afdakke, bediende kwartiere met badkamer en buite toilet, potesiaal Vir tuin woonstel, swembad met veiligheids net, boorgat, sekuriteits hekke.
DISCOVERY – R945 000: Noord aansig woonhuis met 3 slaapkamers, 1,5 badkamers, 4 leefareas, studeer kamer, kombuis, 1 motorhuis, 3 afdakke, buite toilet, elektriese hekke, alarm stelsel.	**GEORGINIA – R698 000:** Eiendom op bus roete na Florida en skole bied 3 slaapkamers met ingeboude kaste, 1 badkamer, 2 leefareas, kombuis, 1 motorhuis, 1 motor afdak, sekuriteits hekke.	**HAMBERG – R780 000:** Perfekte huis met lapa en ingeboude braai bied 3 slaapkamers, 1 badkamer, 2 leefareas, groot kombuis. swembad. Elektriese hekke, alarm stelsel.	**HAMBERG – R460 000:** Pragtige woonstel in veilige kompleks Bied 2 slaapkamers, 1 badkamer, sit en eetkamer, pragtige kombuis, onder dak parkering. Swembad in kompleks, Pragtige en netjiese kompleks.
DISCOVERY EXT 10 – R1 380 000: Grasdak woning met 3 slaapkamers, 2 badkamers, sitkamer, eetkamer en tv kamer, studeer kamer, Kombuis, 2 motor huise, 2 afdakke, bediende kwartiere, buite toilet, Verhitte swembad, Sekuriteits hekke, alarm stelsel.	**HORISON VIEW – R595 000:** Pragtige grond vloer woonstel bied 2 slaapkamers, 1 badkamer, 1 leefarea, kombuis, 1 motorhuis.	**LINDHAVEN– R499 000:** Pragtige woonstel met 3 slaapkamers, 1 Badkamer, 1 op plan leefarea, kombuis, 2 afdakke, sekuriteits hekke, alarm stelsel.	**WITPOORTJIE & UITBR. – R795 000:** 'N UITSTEKENDE WONING met 3 slaapkamers met ingeboude kaste, 2 badkamers, 3 leefareas, pragtige kombuis, 1 motorhuis, swembad, Elektriese hekke, alarm stelsel.

www.exploreproperties.co.za

Service Excellence • Integrity • Loyalty